Geliefde Lourensrivierder

Jip, dis ‘n nuwe jaar, nuwe begin, nuwe geleenthede, nuwe kanse, nuwe avonture, nuwe alles, maar ‘n ou “ek”..... tog hoef dit nie noodwendig negatief te wees nie, want die “ou ek” het een ekstra jaar se ondervinding, herinneringe, kennis en wysheid vergader wat niemand van my kan wegneem nie♫♫ Met daardie wysheid het ek ook geleer dat nuwejaarsvoornemens ‘n taai toffie bly😊
Hier is iets insiggewend wat ek raak gelees het en graag met jou deel: “'n Nuwejaar met minder voornemens en meer aksie: 'n Mens kan nie glo hoe vinnig die jaar verbygesnel het nie! Die gevaar bestaan egter dat ’n mens die nuwe jaar instorm en bly voortjaag. Daarom is dit noodsaaklik dat ’n mens stil word om na te dink oor hoe om die nuwe jaar meer verrykend te maak. Niemand wil tog die seën en die goeie dinge wat God vir ons voorhou, misloop nie.
Voornemens vir Nuwejaar
Dikwels maak mense ’n lysie van voornemens vir die nuwe jaar. Met sekere dinge wil hulle ophou, en hier en daar is daar iets nuuts waarmee hulle wil begin. Party wil gewig verloor, ander wil meer kerk toe gaan, of ophou rook en minder drink. Ongelukkig kom daar dikwels niks van hierdie goeie voornemens nie. Ná ’n paar weke verval hulle weer in die ou groef en gaan maar weer voort soos vroeër.” Die res van die artikel kan jy op ons webwerf gaan lees by hierdie skakel: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/431-n-nuwejaar-met-minder-voornemens-en-meer-aksie

Mag jou jaar vol voorspoed & seën wees, maar mag die Here jou ook die nodige krag, volharding en deursettingsvermoë gee om struikelblokke te oorkom en seëvierend anderkant uit te kom!

NUUSKRUMMELS: 18 JANUARIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ:
Liewe Maats, Mammas & Pappas!!!! Lourensrivier se Dinamiet Kiedz begin weer die 21ste Januarie in die Kerksaal @ 09h00. Maatjies, die ooms en tannies sien BAIE uit daarna om weer saam met julle te kan lag, speel, sing, dans, swiets eet en om baie meer te leer van Jesus!
Vir die Mammas en Pappas, hier is 'n lys van die lesmateriaal vir die jaar.

BELOFTELAND Dapper Stappers
GRAAD 1: Oppad met Jesus (saam met BlinkBen)
GRAAD 2: Eendag as ek groot is...
GRAAD 3: Ken jy vir Jesus?
GRAAD 4: Groei, Groei, Groei
GRAAD 5: Survivor Israel
GRAAD 6: Amazing Race @ Kruis
GRAAD 7: My Blink ID

Die kwartaalprogram is onder aangeheg.
Ons benodig dringend nog klasleiers vir 3 klassies indien enige van die mammas en pappas betrokke wil raak.

DIE JONG LEIERS VAN LIFELINE YOUTH SIEN OOK BAIE UIT NA SONDAGAANDE SE BYEENKOMSTE

EK DEEL GRAAG MET JOU WAAR JY HIERDIE JAAR KAN BETROKKE RAAK, VRIENDE MAAK, 'N TUISTE VIND EN GEESTELIK GROEI

BYBELSKOOL:
Begin 6 Feb & 7 Feb
(Mod. 3&4 elke Dinsdag, 09h00 of 19h00)
(Mod. 1&2 elke Woensdag, 09h00 of 19h00)

Kursusmateriaal bestaan uit 4 modules (een per jaar). Geen eksamens nodig.

Ontwikkel vaardighede in die verstaan, interpretasie en toepassing van die Bybel asook geestelike groei in jou persoonlike lewe.

Klik op skakel vir meer inligting: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/aanbidding/bybelskool

GEBEDSKURSUS (gratis): Begin 08 Feb (elke Donderdagoggend @ 08h00)
Kom reis saam om God te ontmoet, om deur Hom verander te word en om jou roeping te ontdek. Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord. Klik op skakel vir meer inligting:
http://www.lourensrivier.co.za/index.php/aanbidding/gebedskursus

BIDGROEP: Begin 31 Januarie (elke Woensdagoggend @ 09h00)

RAPHA VROUEGROEP: Begin 05 Februarie (elke 2de Maandagaand @ 19h00)
Ons deel in mekaar se lief & leed, pak omgeeprojekte aan bv. die maak van trooskombersies & bidkussings, stap saam vir liefdadigheid, maak die strande skoon, ondersteun en bid vir mekaar, reik uit na mekaar & ander...Ons geniet dit om saam te kuier, eet, lag, huil en pret te hê. Ons groei ook saam deur bymekaar te leer en God beter in Sy Woord te leer ken.
Klik op skakel vir meer inligting: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kleingroepe/rapha-vrouegroep

MANNEGROEPE:
- Ds Leopold se groep (in konsistorie): Begin 19 Januarie (elke Vrydagoggend @ 06h00)
- Nic se groep (by Smiling Oven): Begin 19 Januarie (elke Vrydagoggend @ 05h30)
- Senior Mannegroep (in Kleinsaal): Begin 17 Januarie (elke Woensdagoggend @ 08h00)

#ESPRESSO Koffiekroeg vir jong werkendes: Begin 1 Februarie (elke Vrydagaand @ 19h00)
Braai, lag, eet, kuier, fun, omgee, opbou, kampeer, ondersteun, ontspan, motiveer, uitreik… As jy van hierdie woorde hou, nooi ons jou uit om deel te raak van die groep jong professionele mense van alle denominasies. FB blad: https://www.facebook.com/Espresso-jouself-1611796549057784/

YSTERPERDBRIGADE: Die bikers van die gemeente hou daarvan om net die pad te vat. Hulle kuier graag saam oor ‘n lekker koppie bikers-boeretroos, ry kort en lang roetes en geniet mekaar se geselskap. Kom saam, klim op jou bike en ry vroeg oggend vir ontbyt na Pringlebaai; smul aan ‘n heerlike middagete in Franschhoek; beleef ‘n Atlantis-duinavontuur; geniet ‘n Sondagmiddag roomys; kry af en toe ‘n bietjie opleiding en reik uit na minderbevoorregte instansies en gemeenskappe. Dis nie ‘n “exclusive” klub nie. Enige iemand is welkom.

VERSKEIE KLEINGROEPE/OMGEEGROEPE is ook nog beskikbaar.

Indien jy belangstel om aan te sluit, betrokke wil raak of navrae het oor enige van bogenoemde, kontak my gerus by die Kerkkantoor (021 853 5991)

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

Moet asb. nie vergeet van die Cansa Relay op nie, Lifeline Youth gaan weer deelneem en daag die gemeente uit om saam te kom stap....

Hier is die besonderhede weer:

Good day. This is a reminder not to delay in registering your team for the 2018 CANSA Relay For Life. Registration forms available at Church Office.
Remember our theme for this year is back to the 80's
Please keep Saturday 17th February open for the team captains meeting where all team packs will be handed out. We will be there to respond to any questions you have. We will also have somebody from the CANSA office there to answer any question you have regarding where all the funds go to.
Final details regarding the team captains meeting will be given out closer to the time.
For those teams that must still enter and those that have entered already remember to do some fundraising. Our aim is to raise funds for CANSA. We have a target to reach which is R140 000.00. 2017 we missed our target with R15 000.00 so I need your help to reach this target.
Each team is also to make a poster with cancer awareness on. If you have any question regarding let me know. We would also like teams to make either purple pompoms or flags which you will use when the survivors to their honour lap. Any questions regarding let me know.

These are just a few things which takes time to do. More information will be given out closes to the Relay. If you know of anybody that would like to enter a team please send me their details so that I can send the all the information. Let's try and get 80 teams on the track this year.
If you have any questions let me know and I will gladly reply.

Lucille Kruger: CANSA Relay For Life Helderberg
Team Chairperson (0729286135)

VERSOEK VAN LIFELINE:

Die Lifeline-span is opsoek na jong kindertjies wat voor hul span kan stap (aangetrek soos engeltjies) op die Cansa Relay dag van 20h00 tot 21h30. Kontak asb vir Constant @ 0722243267

Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

STRAND DIENSSENTRUM
POEDINGDAG
Woensdag, 7 februarie 2018
500ml heerlike basaarpoeding @ R12 elk

Beskikbaar vanaf 10h00 – 12h00
Bestel asb vroegtydig by 021-854 4552
Om teleurstelling te voorkom
Ondersteun ons asb!!!
Helga Steyn: Admin/Bemarking
nms Estelle Marais: Uitvoerende Beampte

GELUKWENSINGS:

- Oom Jan en Tannie Leonie van Eden het op 21ste Desember hul 60ste huweliksherdenking gevier. Wat ‘n wonderlike mylpaal!!

- DOOP: 3 Des - JACO JOUBERT
  Ouers: Ludolph & Helen

- Hester Huysamen het op 14de Januarie 80 geword en haar naam was ongelukkig nie op die verjaarsdaglys nie.

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Paul Louw (herstel na hospitalisasie)
- Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- Marlene Moore vir volkome herstel van sleg-gebreekte voet
- Sannie le Roux vir gesondheid
- Joel Kriegler vir gesondheid
- Ons innige meegevoel aan die De Smidt & Grobler familie met die heengaan van Andre De Smidt

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 21 JAN SE BOODSKAP: 1 Kor 7:29-31
(DERDE WEEK NA EPIFANIE)

Paulus sê dat gelowiges se lewe en gedrag deur hul toekomsverwagting bepaal word.
Daardeur word alles geraak, sodat selfs die huwelik nie die alfa en omega is nie, ook nie die ekonomie, die sosiale lewe, of vryheid nie: Om nie deur die huwelik besit te word, of daarin op te gaan nie. Om nie so in die wêreld op te gaan dat ’n mens alles daar in wil kry nie... Om nie in jou soeke na vryheid so opgeëis te word, dat ’n mens dink daar bestaan iets soos absolute vryheid nie.
Dit bring ‘n paar vrae na vore:

- Wanneer word ’n mens deur iets beheer?
- Wanneer gaan jy in iets op?
- Wanneer besit iets jou?
- Hoe lyk ’n huwelik waar ’n man en vrou alles is vir mekaar, en van mekaar verwag wat ons net van God kan verwag?

Paulus sê deurgaans, gelowiges moet die status quo handhaaf, met die oog op die wederkoms. Ons kan dit maklik verkeerd verstaan en dink dit beteken om die tyd nutteloos om te wag! Nee, Paulus het by geleentheid ’n gemeente gemaan dat dié wat nie werk nie, ook nie mag eet nie. Die wag is nie ’n passiewe nie, maar ’n aktiewe wag.



Ons moet só wag dat Jesus Christus die fokuspunt van ons lewe is... dat ons meewerk aan die beweging van die Gees wat ons ín en róndom ons sien werk in hierdie wêreld...

Matt Redman sing ‘n pragtige lied oor God se teenwoordigheid in ons lewens - Abide With Me
Kliek op die skakel om te luister:
https://www.youtube.com/watch?v=476_PgSf2jQ

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

DINAMIET KIEDZ
LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55, STRAND; *Tel:* 021 853 5991
www.lourensrivier.co.za
FB: Lourensriviersemense EN Dinamiet Kiedz

PROGRAM: 1STE KWARTAAL (21 Jan tot 25 Maart 2018)
Graad 1 tot Graad 7 (08:45 – 10:15)

Wo.	**17/01/2018**	**Skole open**
So.	**21/01/2018**	**Opening & Adminoggend**
So.	**28/01/2018**	**Lofprysing – Ken mekaar**
So.	**04/02/2018**	**Les 1**
So.	**11/02/2018**	**Les 2**
So.	**18/02/2018**	**Les 3**
So.	**25/02/2018**	**Les 4**
So	**04/03/2018**	**Les 5**
So.	**11/03/2018**	**Les 6**
So.	**18/03/2018**	**Les 7**
So.	**25/03/2018**	**Les 8**
Wo.	**28/03/2018**	**Skole sluit**

Lesmateriaal van KidsXpress wat hierdie jaar gebruik gaan word:



Belofteland: Dapper stappers
Klein mensies leer Bybelkarakters al stappende! Hul ontmoet Bybelkarakters soos Moses, Josef, Elia en Jona. Saam met die karakters leer hulle meer van God, hulleself en die wêreld waarin hulle begin grootword. Die aanbiedinge is baie verhalend met baie aktiwiteite om die klein mensies te help om 'n lewende belangstelling in God se Woord te ontwikkel.
Outeurs: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger **Graad 1: Oppad met Jesus (saam met BlinkBen)**
Graad 2: Eendag as ek groot is
Graad 3: Ken jy vir Jesus
Graad 4: Groei, groei, groei
Graad 5: Survivor Israel
Graad 6: Amazing Race @ Kruis
Graad 7: My Blink ID

BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.

Outeurs:
Riana Andersen
en
Chrissie
Kritzinger

Eendag wil ek.... Tydens elke les word 'n beroep bekend-gestel dmv speletjies. bv Eendag wil ek 'n brandweerman wees. Eendag was daar... Ons gaan na die Bybel en vertel die verhaal van 'n karakter(s) wat aansluit by die beroep van die dag. bv. Sadrag, Mesag & Abednego in die brandende vuuroond. Vandag is die dag... Na aanleiding van die verhaal word daar gesels oor hoe ons vandag moet leef. Liewe dag-boek... Elke kind ontvang 'n aktiwiteits-boek waarin hulle 'n aktiwiteit voltooi.

Outeur:
Chrissie Kritzinger

Hierdie reeks wil vensters oopmaak op wie Jesus is, wat Hy kom doen het, vertel het, hoe Hy lewens aangeraak het terwyl Hy op aarde geloop het, en hoe Hy dit steeds kan en wil doen. Op 'n dieper vlak vra ons: "Ken jy vir Jesus?" Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom? Is Hy jou Here, jou Held, jou Koning? Is Hy die een na Wie jy draai as jy bang is, bly is, dankbaar of hartseer is? My gebed is dat elke kind wat aan hierdie reeks gaan deelneem, 'n dieper persoonlike verhou-ding met Jesus sal ontwikkel, sodat elkeen van hulle ook met blink oë van "My Jesus" sal kan praat…
Outeur: Chrissie Kritzinger; Ilustrasies: Magriet Brink

Kyk hoe groei my liefde vir God groter en groter. Hierdie reeks wil jong kinders toerus en inspireer om as kinders van God te lewe en die regte dinge te weet, kies en doen sodat hulle geestelik kan groei. groter en sterker, sodat hulle blomme en vrug kan dra wat hulle Here verheerlik.

Outeur:
Chrissie Kritzinger
Ilustrasies:
Magriet Brink

'n Oorsig vanaf 1 Konings-Maleagi. Wonderwerke en ander WOW-gebeure uit die Woord. Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is. In hierdie reeks gaan julle julle eie Survivor hou en die kinders gaan die deelnemers wees! Die reeks se naam is, Survivor Israel, want terwyl die kinders aan lekker Survivor-challenges gaan deelneem, gaan hulle ook in die Bybel kyk hoe die stamme van Juda en Israel, God se spesiale volk, survive het – van Jerusalem na Exile en weer terug.

Outeur:
Tania Schultz



Jou amazing race begin by die kruis!
Sak neer in die wegspringblokke en begin 'n amazing race met hierdie aksie-belaaide lesse wat kinders aanmoedig om voluit aan die Christen-wedloop deel te neem. Bly fiks vir die wedloop deur geestelike oefeninge te doen en gereeld God se Woord-vitamines in te neem. Op julle merke…gereed… Gaan… om die hemelse prys te behaal.

Outeur:
Tania Schultz



24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.

Outeur:
Tania Schultz
Illustrasies:
Magriet Brink